# Die dood van die outeur en die inspirasie van die Bybel: in gesprek met P.J. Nel en S.D. Snyman

P. Verster
Departement Sendingwetenskap
Universiteit van die Vrystaat
BLOEMFONTEIN
E-pos: versterp.hum@mail.uovs.ac.za

**Abstract**

**The death of the author and the inspiration of the Bible: in discussion with P.J. Nel and S.D. Snyman**

*In the present debate on post-modernism, the question is also asked whether author's intention can be indicated in a specific text. Nel (2003) and Snyman (2003) refer to this debate. Nel questions the view that author's intention can be indicated in the Bible as text and especially doubts whether the view that God can be called the primary author of the Bible is still acceptable. Snyman suggests that present theories of inspiration should be expanded, since the history of the Bible's origin is not adequately addressed in these theories. The concept of author's intention should, however, not necessarily be disregarded, and the organic (personal) inspiration theory still offers the opportunity to explain the multifaceted aspects of the Bible. Presuppositions, however, play an important role in the views taken.*

**Opsomming**

**Die dood van die outeur en die inspirasie van die Bybel: in gesprek met P.J. Nel en S.D. Snyman**

*Die vraag of daar in 'n bepaalde teks van outeursintensie sprake is, word veral in die huidige debat rondom die postmodernisme gestel. Nel (2003) en Snyman (2003) sluit by dié debat aan. Nel bevraagteken die gedagte dat daar van outeursintensie in die Bybel sprake kan wees en betwyfel veral die gedagte dat God die primêre outeur van die Bybel genoem kan word. Snyman is van mening dat bestaande inspirasie-teorieë uitgebrei moet word omdat dit nie die ontstaans-*

*geskiedenis van die Bybel genoegsaam verreken nie. Die konsep van outeursintensie is egter nie noodwendig af te wys nie en die organiese inspirasieteorie bied wel die moontlikheid om die veelkantigheid van die Skrif te verklaar. Vooronderstellinge speel egter beslissend mee in standpunte wat ingeneem word.*

## 1. Inleiding

Die verskuiwing van die modernisme na postmodernisme het onteenseglik neerslag gevind in die hedendaagse teologiese denke. Bosch (1991:349-362) toon aan hoedat die filosofiese uitgangangspunte van die postmodernisme op teologiese terrein tot nuwe interpretasies aanleiding gee. Die klem op rasionaliteit en vaste sekerhede word verruil vir die aanvaarding van onsekerhede en 'n veel groter beklemtoning van belewing (Bosch, 1991:353, 431-432).

Taylor (1984) beklemtoon dat die postmodernisme die fondamente van die teologie skud. Die modernisme met sy klem op rasionaliteit het God oorbodig verklaar en sien die mens self as die absolute (Taylor, 1984:29-33). Volgens hierdie uitgangspunt kon die waarheid vasgevang word deur die rasionele proses van denke van die mens self. In die postmodernisme word hierdie sekerheid ontken en word die mens se rasionele denke ontbloot as feilbaar (Taylor, 1984:46-51). Die *modernisme* vervang God met die mens as rasionele wese. ’n Nuwe uitgangspunt word gestel, naamlik die rasionaliteit van die mens. In die *postmodernisme* word die uitgangspunt, wat die klem op die mens en sy rasionele aktiwiteit lê, ondergrawe. Binne die raamwerk van die postmodernisme is die mens dus geen god nie. Hierdie aanname impliseer ook volgens Taylor (1984:65) dat die geskiedenis nie langer as ’n logiese proses beskou kan word nie. Die vastigheid van die geskiedenis is opgehef en die groot verhale (*grand narritives*) is daarmee ook uitgespeel. Hierdie toestand lei verder daartoe dat die outeur self nie meer die teks bepaal nie, want ook die vaste betekenis van die teks is opgehef. Die teks self het soveel verskeie betekenisse dat betekenis nie eenduidig vasgestel kan word nie (Taylor, 1984:92-93).

Juis daarom lei die dood van God ook tot die dood van die subjek en uiteindelik tot die dood van die menslike subjek soos Taylor (1984:134-135) dit uitdruk:

> The death of God, we have seen, marks the loss of the stable center that had been believed to be the basis of unique individuality and the ground of the transcendent selfhood. The mortal wounding of the original subject releases the erring of

> scripture that entwines all things. For the solitary self, inscription within the infinite play of word spells death.

Die vraag wat egter nou aan die orde kom, is of dié denkrigting veronderstel en ook impliseer dat die Bybelse teks nie na ’n vaste werklikheid kan verwys nie en self ook in die labarint van oneindige betekenisse verdwaal raak.

Is die outeur dood, en daarmee saam die leerstuk oor die inspirasie van die Skrif? Hoe moet oor die teks gedink word? Is die implikasie van die poststrukturalisme, as bepaalde denkrigting wat binne die postmodernisme oor die teks nadink, dat daar nie van ’n primêre outeur, naamlik God, sprake kan wees nie? Kan die gedagte dat die Skrif op ’n unieke wyse deur God geïnspireer is, ook nie meer erken word nie?

Die beskouing bestaan dat die outeur self min beheer het oor wat met sy teks gebeur wanneer dit in die wêreld van die leser beland (vgl. Hambidge, 1992:69). Om hierdie rede word ook dikwels beweer dat die outeur min of geen invloed kan hê op dit wat later met die teks gebeur. Van der Merwe en Viljoen (1998) toon aan hoedat verskeie interpretasiemoontlikhede van tekste in die jongste jare ontwikkel het. Teksgerigte interpretasies word verruil vir interpretasies waarin die leser groter inspraak verkry (Van der Merwe & Viljoen, 1998:142). In hierdie verband is P.J. Nel (2003) van mening dat gereformeerde inspirasieteorieë nie meer aanvaar kan word nie, terwyl S.D. Snyman (2003) ook vir nuwe teorieë vra. Die tradisionele inspirasieteorieë word bevraagteken vanweë die gevolgtrekkings van die postmoderne debat.

## 2. Teks en interpretasie

Degenaar (1992:188-190) toon aan dat die vraag na taal van essensiële belang is in die debat oor die funksie van betekenis en die bestaan van die mens. Waar die strukturaliste van mening is dat taal na ’n vaste werklikheid kan verwys, vra Degenaar die vraag of taal nie totaal onmagtig is om self betekenis te genereer nie. Hy sluit aan by 'n belangrike eksponent van die poststrukturalisme wat die outeur dood verklaar, naamlik Barthes, wat die teks geheel en al van betekenis wil losmaak: “Barthes … has felt the need to transcend the hold that structure has on meaning within structuralist thinking and to involve the text in the open network of the infinity of language” (Degenaar, 1992:193).

Hierteenoor wil Derrida (1976:63 e.v.) aantoon dat die proses van *différance* die taal in sy betekenis bepaal. In hierdie proses

ondermyn die teks sy eie tekswees met die implikasie dat die teks self nie finaal kan wees nie.

Van der Merwe en Viljoen (1998:122) is van mening dat Derrida aantoon dat alle tekste, en dit sluit alle kommunikasie in, soveel onvermydelike teenstrydighede bevat dat dit onmoontlik is om finale sluitende interpretasies vas te stel.

Derrida (1976:65) stel dit soos volg:

> The trace is in fact the absolute origin of sense in general. Which amounts to saying once again that there is no absolute origin of sense in general. The trace is the differance which opens appearance [l'apparaitré] and signification.

Dit is juis kenmerkend van Derrida dat die spoor betekenis kan veronderstel, maar dit ook onmiddellik ophef. Alhoewel dit moontlik is om hieruit af te lei dat Derrida geen verband tussen die teks en die werklikheid waarna dit verwys, aanvaar nie, is daar tog sekere tekens waarna dit verwys. Nel (2003) meen juis dat skietgoed vir Derrida verskaf word wanneer van outeursintensie by die Bybel gepraat word.

Hierdie debat vra wesenlik na die werking van taal, maar ook na die werklikheid buite taal, na die bestaan van die mens. Dit is nie vreemd dat Nietzsche die verskynsel van taal-as-teken, wat telkens na God terugverwys – iets waaraan die mens niks kan doen nie – as ’n krisis beskryf nie (Degenaar, 1992:188). Ook ten opsigte van Derrida is die vraag of die werklikheid van die menslike bestaan nie opgehef word as die taal sy verwysingsfunksie verloor nie.

Degenaar (1992:200) raak in sy bespreking van Derrida verder die kwessie van leserinterpretasie aan:

> Since one is not in control of the infinite possibilities of meaning in language there is no centre from which to finalise meaning. The implication of this view for our interpretation of a text is that the reader becomes creatively involved in the play of significations. Meaning can not be finalised by linking the text with the writer's intention viewed as a source of meaning, nor by linking it to the world which the text is said to represent. The reader is only confronted by the text and its involvement in the dynamics of interrelationships between signs in language.

Die pragmatiese benadering en die nuwe historisme verskil egter van hierdie siening. Die pragmatiek lê groot klem op die sender wat wel deur middel van sy boodskap tog sy intensie aan die ontvanger

wil oordra. Dit is veral Grice (1989:26 e.v.) wat met die konsep van gespreksvoorwaardes die klem lê op die moontlikheid van kommunikasie en die relevante oordrag van inligting. Alhoewel Nel (2003) wel later die pragmatiek as uitgangspunt neem, berus sy argument veel eerder op die uitgangspunte van die post-strukturalisme.

Volgens dié beskouing kan die interpretasie van tekste dus verskeie implikasies hê. De Jong (1983:53) dui onder andere aan dat latere lesers van vroeë werke – sonder om die teks geweld aan te doen – meer uit 'n teks kan haal as wat die historiese outeur intensioneel daarin vasgelê het. Dit is natuurlik onjuis omdat dit onmoontlik is om vas te stel wat die outeur alles in sy teks ingeskryf het.

In hierdie ingewikkelde proses om die verhouding tussen tekste en lesers te verstaan is daar dus teorieë wat nie die outeur as kenner van sy eie teks erken nie en wat wil aandui dat, wanneer tekste verskyn, dit nie meer deur die outeur beheer word nie. Dit is juis te midde van die debat dat die volgende vraag gevra moet word, naamlik: Kom God in enige teken aan die woord? Kan God in 'n teks aan die woord kom? Dit word juis 'n vraag wat reeds by die vooronderstellinge wat 'n ondersoek soos hierdie onderlê, beslissend na vore kom. Die outeur word reeds in die vooronderstellings dood verklaar. Moet dit egter noodwendig so wees? Hierdie saak verdien verdere ondersoek na aanleiding van Nel (2003) en Snyman (2003) se interpretasie van die outeurskap van die Bybel.

## 3. 'n Toepassing van taalfilosofiese uitgangspunte op die leer van die inspirasie van die Bybel

### 3.1 P.J. Nel: Die dood van die outeur en die Bybel

In sy artikel, "Die Bybel: Teks en ondermyning", is Nel (2003) van mening dat Bybelse tekste nie na 'n vaste werklikheid verwys nie, maar dat die tekste teen mekaar ingaan en dat interpretasie steeds verskillende betekenismoontlikhede weergee.

Nel (2003:884) stel dit soos volg:

> Ek haal kursories en erg oorvereenvoudig hierdie debat aan oor die moontlikheid of tekste en taal kan verwys na wêrelde buite hulself net om te wys dat as die hermeneutiek die teks van die Bybel wil red deur outeursintensie en die verwysende moontlikheid van die teken buite sigself te beklemtoon, dan loop hy hom vas teen die postmoderne debat. Hierdie debat

> verklaar die verwysing van tekens onmoontlik (bo en behalwe die verskil ten opsigte van mekaar) en daarom die outeur dood.

Nel (2003:888-892) verwys na Job en Jona en is van mening dat hierdie twee tekste baie beslis subversiewe tekste is omdat dit die gedagte van ander tekste in die Bybel ondermyn. Hierdie ondermyning van ander tekste beteken dat daar geen deurlopende lyn in die Bybel is nie en dat die tekste van verskillende kante af ondermyn word.

Nel (2003:888-889) stel dat ondermyning van ander tekste en die feit dat die Bybel nie ’n deurlopende lyn het nie, saamhang met die dood van die outeur. Job is ’n geskrif waarin heersende gedagtes oor die heerskappy van God ondermyn en weerlê word.

Die uitgangspunt dat God die geskiedenis beheer, kom wel in sekere ander geskrifte voor, soos byvoorbeeld by die Deuteronomis, maar die boek Job onderbreek hierdie gedagtegang en is ondermynend ten opsigte van die heersende ideologieë van die tyd (Nel, 2003:890).

Ook die boek Jona word deur Nel (2003:890-892) as ’n subversiewe teks geïdentifiseer. Die geskiedenis van Jona handel volgens hom glad nie oor die ongehoorsaamheid van Jona nie, maar oor Jona se besef dat God genadig en barmhartig is en dat Jona juis binne hierdie raamwerk van God se genade en barmhartigheid van God probeer vlug. Jona word dus ’n teks wat die heersende gedagtes oor God ondermyn, en dit inderdaad op ’n nuwe manier verwoord.

Die vraag is nou inderdaad: Beteken die voorkoms van subversiewe tekste in die Bybel dat die Bybel sigself ondermyn? Kan daar hoegenaamd nie sprake darvan wees dat God as primêre outeur van die Bybel optree nie?

In hierdie verband is dit veral Potgieter (emeritus-dogmatikus van die UV [kyk Nel, 2003:883]) en Van Rensburg (Hoof van die Departement Praktiese Teologie aan die UV [kyk in Nel, 2003:883]) wat onder Nel (2003:883) se uitsprake deurloop. Nel is van mening dat Potgieter en Van Rensburg op grond van hul stellings dat daar ’n primêre outeur, naamlik God is, juis die gedagte dat die outeur dood is bevestig. Nel wys daarop dat die absolute veelheid van interpretasies van Bybelse tekste juis die gedagte loënstraf dat daar een en ’n eenduidige interpretasie kan wees. Die feit dat daar nie ’n eenduidende interpretasie kan wees nie, beteken ook dat daar nie ’n primêre outeur wat hierdie tekste bepaal, agter die tekste kan wees nie. Daarmee meen ek nie dat Nel die hele idee van inspirasie

heeltemal afwys nie, maar dat hy meen dat die teks self geïnterpreteer moet word en ook dat verskillende tekste op mekaar inspeel en soms ook ondermynend op mekaar reageer. Nel (2003:893) stel dit soos volg:

> Vir die Bybelteks is dit dan eintlik verkeerd om te vra wat die teks sê of waarna dit verwys, en wat dit nog vandag beteken. Beter sou wees om te vra wat die teks bereik het in konkrete historiese kontekste en vandag nog bereik in die individuele en kollektiewe leeshandeling.

Alhoewel Nel wel vra of daar nog van outeursintensie sprake is, sluit hy nie ten volle aan by die oortuiging dat die outeur dood is nie. Hy wil die teks egter as dialogiese gebeure hanteer. Waarteen hy dit wel het, is die gedagte dat gepraat kan word van God as die primêre outeur van die Bybel vanuit die gedagte dat die teks na 'n vaste en konstante werklikheid buite die teks verwys (Nel, 2003:883). Nel se standpunt is dat taal op geen wyse die werklikheid ideaal spieël of naboots nie. Hy is van mening dat begronding vir die Derridiaanse debat verskaf word deur die argumente van diegene wat die primêre outeurskap en inspirasie van die Bybel vanuit die perspektief van die outeursintensie van die teks wil bevestig (Nel, 2003:884).

Nel (2003:892 e.v.) self wil juis aantoon dat daar wel ’n weg is uit die referensiële teorie van teksinterpretasie waarvolgens die teks na ’n vasstaande werklikheid verwys. Hy noem drie vereistes of voorwaardes:

- Dit moet aanvaar word dat die teks net begin funksioneer waar dit gehoor word (gelees word).
- Die teks kan nooit aan taal ontsnap nie en juis daarom is narratiwiteit volgens hom een van die suksesvolste kommunikasiemodi om op ’n kreatiewe wyse oor die werklikheid van God te praat.
- Tekste is lewende entiteite wat gedurig verander.

Nel (2003:895) se gevolgtrekking is dan die volgende:

> Die Bybelteks sal beter baat as dit weer deel word van die leesgebeure van die individu en die religieuse kollektiwiteit en wanneer leesresultate in dialogiese konteks bly waar die absolute verwysing daarvan nie 'n soeke of eis is nie.

## 3.2 S.D. Snyman: Kritiek teen inspirasieteorieë

In sy artikel, "Oor die inspirasie van die Bybel – 'n perspektief van 'n Ou-Testamentikus", hanteer Snyman (2003:460) ook die probleem van die *auctor primarius* van die Skrif. Die klem in sy artikel lê op die inspirasie van die Bybel. Hy wil veral vanuit 'n Ou-Testamentiese hoek die hele vraagstuk van die inspirasie bespreek. Sentraal is egter die argument dat wanneer ons van God as *auctor primarius* van die Bybel praat, ons inderdaad nie verstaan hoe kompleks die opbou van die Bybel was nie. Die tweede argument wat hy aanvoer, is dat daar ook nie na behore kennis geneem word van die hoogs menslike aard van die Bybel nie. Hy gaan van die standpunt uit dat die organiese inspirasieteorie van die Reformasie soveel klem op die goddelikheid van die inspirasie lê dat die menslike dimensie misken word. Volgens hom vertoon die Bybel immers 'n duidelike menslike aard met talle foute, teenstrydighede en oneffenhede (Snyman, 2003:462-463).

In die hantering van hierdie problematiek raak hy verskillende aspekte aan.

### 3.2.1 Huidige inspirasieteoriee

Die eerste is 'n beswaar teen die huidige inspirasieteorieë. Snyman (2003:462) wys daarop dat die Bybelskrywers mense was, dat hulle baie foute gemaak het en dat talle teenstrydighede in die Bybel voorkom. Snyman (2003:462) wys daarop dat die Ou Testament 'n veelkantige boek is wat op verskillende maniere die getuienisse van mense se ervarings of belewings van God aan die mens bied. Daarmee bedoel hy dat hulle op verskillende wyses reageer op dit wat God in hulle lewe doen. Hy is veral krities oor die gedagte dat die organiese inspirasieteorie, onder andere verwoord deur Heyns (1976) en ook deur Doubell en Strauss (dogmatici aan die UV [kyk Snyman, 2003:462 e.v.]), nie ruimte laat vir hierdie menslike aard van die Bybel nie. Snyman (2003:463) sluit aan by Deist (Ou-Testamentikus [kyk Snyman, 2003:463]) wat aanvaar dat die Bybelskrywers wel geïnspireer was, maar dat hulle as mense opgetree het en dat die teenstrydighede en foute juis daarop dui. Verder is hy van mening dat dit nie moontlik is om vandag terug te redeneer na die proses van inspirasie nie, omdat ons nie weet hoe God die Heilige Gees die Bybelskrywers geïnspireer het nie.

### 3.2.2 Tekste wat gebruik word om die inspirasieteorie te ondersteun

In die tweede plek is Snyman (2003:464) baie krities oor die wyse waarop 2 Timoteus 3:16 en 2 Petrus 1:21 aangewend word as tekste wat die inspirasieteorie ten grondslag kan lê. Hy wys veral op kritiek dat die uitdrukking "die hele Skrif" (*pasa grafe*) in 2 Timoteus 3:16 na die bekende Bybel verwys en op die hele huidige Bybel van toepassing gemaak kan word. Selfs die Ou Testament kan volgens hom nie deur hierdie uitdrukking omskryf word nie. Snyman (2003:465) wys ook daarop dat 2 Petrus 1:21 nie handel oor die opskrifstelling of die inspirasie van die Bybel nie, maar wel oor mense wat getuig van die gawes wat hulle van God ontvang het asook van hulle meevoering deur die Heilige Gees. Sy standpunt is dat daar uit 2 Timoteus 3:16 en 2 Petrus 1:21 weinig oor 'n inspirasieteorie afgelei kan word.

### 3.2.3 Waar begin en eindig inspirasie?

'n Derde argument wat hy aanvoer, is dat dit onseker is waar inspirasie begin en eindig. Hy wys daarop dat veral die Ou Testament 'n besonder lang en langsame ontstaansgeskiedenis gehad het. Daar was verskeie elemente van mondelinge oorlewering. Ook was daar verskillende redaksies en redaksionele verwerkinge en dit is nie meer moontlik om die oorspronklike bron te identifiseer wat dan vir die Bybel as grondslag sou gedien het nie. Hy vra dan die vraag: Watter vorm van die Ou Testament moet dan as geïnspireerd beskou word? Die mondelinge oorlewering, die eerste omvangryke opskrifstellings, latere redaksionele verwerkings of die gevokaliseerde teks (Snyman, 2003:466)? Die vraag is dus volgens Snyman (2003:467) of die *outographon* alleen as oorspronklike geskrif geïnspireer is? Is die gevolg hiervan dat ons glad nie meer met geïnspireerde bronne te doen het nie, maar inderdaad net met sekondêre bronne?

### 3.2.4 Watter kanon is geïnspireer?

Die vierde vraag wat Snyman (2003:467) stel, is: Watter kanon is geïnspireer? Daar bestaan verskillende kanons. Daar is groot verskille tussen die Hebreeuse kanon, die Protestantse kanon, die Rooms-Katolieke kanon en ander. Snyman (2003:468 e.v.) kom tot die gevolgtrekking dat daar 'n ruimer opvatting van inspirasie moet wees. Daarmee wys hy ook die verskil tussen illuminasie en inspirasie af. Hy wil inspirasie besonder ruim interpreteer sodat dit die hele en totale proses van kanonvorming insluit, asook al die verskillende aspekte daarvan. Inspirasie is dus vir hom 'n baie ruim

begrip waaronder ’n mens eintlik tot ’n groter mate die volgende moet verstaan: die leiding en die voorsienigheid van God wat die totstandkoming van sulke bronne in die hand gewerk het

> Ons begrip van inspirasie moet uitgebrei word om die totale proses van kanonvorming in te sluit – van die vroegste en aanvanklike mondelinge oorlewering tot en met die verskillende skriftelike weergawes van die mondelinge oorlewering (Snyman, 2003:468).

Daarom sou Snyman kanonvorming selfs wou uitbrei tot die vertalings van die Bybel wat binne hierdie konteks dan as geïnspireerd beskou sou kon word. Hierdie sienswyse lei natuurlik ook daartoe dat die verkondiging van die Woord – en hier beroep hy hom op Calvyn – as die geïnspireerde Woord van God beskou moet word.

Snyman (2003:471-472) se gevolgtrekking is dan inderdaad dat huidige teorieë oor inspirasie nie gehandhaaf kan word nie omdat baie nuwe kennis oor die ontstaan van die Bybel die laaste tyd ontgin is. Dit is ook onmoontlik om te verstaan hoe die inspirasieproses presies plaasgevind het, maar Snyman meen dat die Gees mense geïnspireer het. Inspirasie in hierdie sin is dan iets wat ons tussen aanhalingstekens sal moet plaas omdat hierdie inspirasie vir Snyman iets heel anders is as die inspirasie soos dit oorspronklik deur die Reformatore verstaan is en wat volgens hulle tot die totstandkoming van die Bybel gelei het. Hy meen verder dat mense nog steeds geïnspireer word en dat dit eintlik ’n saak is waaroor belydenis gedoen word sonder om dit te verklaar of te verstaan.

# 4. Evaluering

## 4.1 Die primêre outeur van die Bybel

### 4.1.1 Inleiding

Die vraag wat inderdaad aan Snyman en Nel gestel moet word, is of ons werklik reg laat geskied aan daardie omvangryke geskrif, te wete die Bybel, as ons die Goddelike element daarin onderspeel.

Die sentrale vrae wat in hierdie artikel na vore kom, kan soos volg gestel word: Beteken subversiewe tekste in die Bybel inderdaad dat daar geen outeursintensie meer mag wees nie? En as ons van outeursintensie ontslae raak, kan ons dan net van ’n veelheid los en nieverbandhoudende tekste praat wat op ’n veelheid van maniere

geïnterpeteer kan word? Op hierdie wyse sou daar dan ook geen eenheid kan wees en geen deurlopende lyn en geen logiese verstaan van die teks nie.

### 4.1.2 Nel en Outeursintensie

Hierdie artikel wil nie die taalfilosofiese debat en die debat oor literatuurbeskouings volledig voer nie, maar wil bloot die onderliggende uitgangspunte van die beskouinge wat die goddelike inspirasie van die Bybel laat vervlugtig, aantoon.

- **’n Outeur wil iets sê**

Die aanname dat die outeur self sy teks skep, beteken nie dat die outeur presies weet hoe die teks gaan realiseer en ontvang sal word nie. Die outeur wat sy teks skep, is egter self ook kreatief besig met ’n proses waarin daar wel outeursintensie is. Malan (1983:69) erken dat outeursintensie uit die optrede van die implisiete outeur vasgestel kan word. Die outeur wil inderdaad iets sê. Wanneer baie tekste saamgevoeg word, kan daar wel kohesie in die finale produk aanwesig wees. Dit is die leser se verstaan van die teks wat aspekte van die outeursintensie kan teëgaan, maar dit verander niks aan die gegewe dat daar wel outeursintensie kan wees nie. In hierdie verband kan inderdaad na Job en Jona verwys word. Die teks van Job is nie maar ’n toevallige teks nie – die subversiewe elemente in die teks van Job impliseer inderdaad outeursintensie. Die outeur in Job het bepaalde voorkeure teenoor die Deuteronomistiese teks. In hierdie subversiewe teks, as ons dan ’n toegewing aan Nel kan maak, is daar inderdaad ’n proses waarin ander tekste oorweeg en na hulle verwys word aan die gang. Hierdie proses het egter te doen met outeursintensie en nie met lesersinterpretasie nie.

Dieselfde geld vir Jona. Dit is baie duidelik dat die outeursintensie by Jona ten doel het om sekere gedagtes aangaande God, wat heersend was in die tyd toe die teks opgeteken is, te ondermyn. Dit beteken dat ’n mens nie van outeursintensie ontslae kan raak nie. Indien jy die bestaan van outeursintensie erken, moet jy ook aanvaar dat daar ’n bowe-outeursintensie kan wees wat in religieuse tekste soos die Bybel betrekking het op die *auctor primarius*, naamlik God.

Dit is nie moontlik om bloot weens die subversiewe aard van tekste soos Job en Jona ’n streep te trek deur die hele gedagte dat God geïnspireer het, of dat ’n outeur agter alles sit nie.

- **Maak die baie interpretasies die vasstel van die Bybelse boodskap onmoontlik?**

Maak die veelheid van interpretasies die vasstel van die Bybelse boodskap onmoontlik? Is daar ook so 'n geringe verband in interpretasie tussen die interpretasies deur die eeue dat Derrida korrek is as hy nie wil erken dat die Bybelse teks die bestaan van God as werklikheid van God kan beteken nie? Met die gedagte van die teks as diamant (kyk 5) word tog moontlikhede van verskeidenheid in interpretasie geopen – interpretasiemoontlikhede wat egter teruggaan op die sentrale absolute waarheid van die bestaan van God.

Die vraag is dus of die teks enigsins na die werklikheid kan verwys. As bydrae tot die taalfilosofiese debat moet die klem wel op die moontlikheid van kommunikasie gelê word. Die moontlikheid van kommunikasie word deur God in sy geskape werklikheid gelê. Taal word die instrument van kommunikasie waardeur die teks ook die boodskap van die sender na die ontvanger dra. Die boodskap is deur God in die werklikheid gelê, maar die moontlikheid van misverstand bestaan vanweë die sonde. Die skeppingswoord van God maak die woord self die instrument van kommunikasie – selfs deur baie eeue heen. In dié verband kan na Childs (2004) se insiggewende hantering van die Christelike interpretasie van Jesaja verwys word. Childs (2004:299 e.v.) toon aan dat daar te midde van al die verskille in die uitleg van die Skrif 'n sogenaamde "family resemblance" bestaan wat Childs (2004:322) aandui as: "The authority of scripture, its literal and spiritual sense, scriptures' two testaments, its divine and human authorship, its christological content, and the dialectical nature of history." Dat die teks wel kommunikasie moontlik kan maak, word deur die skepping veronderstel.

### 4.1.3 Snyman en inspirasieteorieë

Indien illuminasie en inspirasie, soos by Snyman, geïnterpreteer word asof hulle totaal in mekaar opgaan, word die menslike aspek van die Bybel so sterk beklemtoon dat 'n mens nie meer kan sê dat God uiteindelik as *auctor primarius* opgetree het nie.

Die inspirasie word direk met die teopneustie in verband gebring waar God direk by die Skrif betrokke is. Die illuminasie is die verligting deur die Gees waar Hy sekere aspekte van die Skrif in ons verhelder. Daar is egter 'n duidelike verskil tussen die Goddelike werking en die voorrang van die inspirasie.

- **Is daar geen moontlikheid om die Goddelike oorsprong van die Bybel erken nie?**

Niemand ontken die menslike aspek in die totstandkom van die Bybel nie. Niemand ontken die totale nuwe verstaan van die ontstaansgeskiedenis van die Bybel nie. Is die ondermynende element in tekste egter so groot dat daar geen vaste grond is om die Bybel as uniek geïnspireerde Goddelike Woord te interpreteer nie? Moet uiteindelik gesê word dat daar geen moontlikheid is om die Goddelike oorsprong van die Bybel te erken sonder om van die baie wye interpretasie van inspirasie gebruik te maak nie? Hierdie inspirasie kom neer op bepaalde leiding van God in die totstandkoming van die geskrifte – ’n geestelike invloed wat egter so ruim is dat dit alle vertaling asook die huidige verkondiging van die Woord insluit. Die essensiële vraag is dus: Kan die inspirasie van die Woord van God, die Skrif, erken word in die sin van Goddelike ingrype wat plaasgevind het in die harte van die mense – ’n proses wat deur die Reformatore en latere denkers as organiese inspirasie beskryf is? Op hierdie vraag sal ons ten diepste moet ingaan. Is dit moontlik om in die lig van die nuwe getuienis steeds vol te hou dat God tog die bronteks waaruit gewerk word op ’n heel unieke wyse daargestel het? Is dit anders as selfs vertaling of as die verkondiging van die Woord in die gemeente? Kan ’n mens dan sê dat die verkondiging van die Woord alleen maar Woord van God is in soverre dit met die Skrif ooreenstem?

- **Is daar dan sprake van ’n oop kanon?**

’n Verdere vraag aan Snyman is of hy wel erken dat die Bybel as teks anders is as vertaling, as die uitbreiding van die teks en die prediking van die teks en of die Bybelse teks volgens sy beskouing nie so oop is dat daar van ’n oop kanon sprake is nie. As illuminasie en inspirasie in mekaar opgaan, is daar geen rede om die inspirasie van die Bybel as geheel besonders te beskou nie. Alhoewel die begrip “oop kanon” verwys na die byvoeging van geskrewe tekste by die Bybel, is die gevaar groot dat die vereenselwiging van illuminasie en inspirasie in beginsel tot 'n oop kanon kan lei.

Die gedagte dat die grondteks wel op ’n unieke wyse deur God geïnspireer is, sluit aan by 2 Timoteus 3:16 en 2 Petrus 1:21, 22. Snyman se eksegese oortuig nie. Alhoewel daar probleme is met die vraag waarna die *pasa grafe* verwys, is dit tog duidelik dat hier reeds ’n erkenning is dat God op ’n baie unieke wyse met sekere bronne (ons weet nie meer presies watter nie) gewerk het om die grondteks geïnspireerd tot stand te bring. Hierdie bronteks is op so

’n wyse deur God daargestel dat dit ’n besondere betekenis vir die verstaan van die Bybel het.

Snyman is van mening dat Guthrie ook aantoon dat 2 Timoteus 3:16 nie as bewys van bepaalde inspirasieteorieë voorgehou kan word nie. Na my mening verstaan Snyman Guthrie verkeerd. Hy wys wel ’n meganistiese inspirasieteorie af en wil ook nie 'n bepaalde teorie uit die teks aflei nie, maar bevestig die goddelike aard van die inspirasie juis uit 2 Timoteus 3:16. “And without doubt implies that what is written in Scripture is of divine origin” (Guthrie, 1981:970).

- **Lê Woordverkondiging op dieselfde vlak as die geskrewe Woord?**

Wanneer Snyman Calvyn (Calvijn, 1956b. IV, 11, 1: 238) inroep as getuie dat die verkondiging van die Woord op dieselfde vlak as die geskrewe Woord lê, meen ek dat hy Calvyn nie korrek verstaan nie. Berkouwer (1967:399) toon volledig aan dat die Reformasie die prediking juis altyd in verband met die Skrif geplaas het:

> Het reformatorisch zicht op de prediking was juist gelegen in de overtuiging, dat de *autoriteit (*kursivering – Berkouwer) der prediking onlosmakelijk met deze apostolische normering, met de *submissio* (kursivering – PV) aan het evangelie verbonden was.

Calvyn (vgl. Calvijn 1956b. IV, 11, 1:238) self erken die onderskeid tussen die inspirasie van die Skrif en die begeleiding van die Gees in die verkondiging by die prediking. Die gedeelte waarna Snyman verwys, handel oor die sleutelmag en die klem lê duidelik op die Woord: “Want Christus heeft deze macht niet aan de mensen gegeven, maar aan zijn Woord, tot welks dienareren hij de mensen gemaakt heeft.” Die voorrang van die Skrif blyk duidelik uit die behandeling van die plek en betekenis van die Skrif deur Calvyn in Deel 1, Boek 1, Hoofstuk VI tot XIV (Calvijn, 1956a:37-171).

Na my mening onderspeel ons die goddelike werking in die totstandkoming van die Bybel as ons die inspirasie afwater of as ons, soos Nel, die volle betekenis van die Bybel verwater deur dit as ’n versameling teenstrydige tekste te sien. Daar moet vervolgens ten diepste ingegaan word op die belangrikste probleme.

## 5. Die teks as diamant

Moet die tekste in die Bybel en die veelheid van interpretasies daaraan verbonde nie veel eerder verstaan word in terme van weerkaatsings binne ’n veelvlakkige diamant, waar die lig op meer

as een manier gebreek kan word nie? Verskeie strale word geskep, hoewel hulle altyd teruggevoer kan word na die een bron wat sentraal staan. Dit sluit egter nie die gedagte uit dat in die veelheid van Bybelse tekste die lig van God altyd helder straal sodat ons kan weet dat God die Here is en dat hierdie God aanbid moet word nie. Bybelse tekste wil die leser voortdurend terugroep tot ’n nuwe verhouding met die lewende God.

Die Ou Testament word dikwels gebruik om te sê dat God wispelturig is, of dat God van plan verander, of dat God nie trou aan sy beloftes is nie. Indien daar egter in die lig van God as primêre outeur van 'n bepaalde vorm van outeursintensie sprake kan wees, kan gesien word dat baie van hierdie tekste eintlik saamval met die onderliggende uniekheid en heiligheid van Jahwe, die Here wat onverdeelde trou aan Homself eis. Hierdie siening mond uiteindelik uit in die verlossing in Jesus Christus.

Hierdie diamant met al sy verskillende fasette werk wel verskillende interpretasiemoontlikhede in die hand. Sodanige interpretasie-moontlikhede lei egter altyd terug na die bestaan van die lewende God en dit roep altyd op tot gehoorsaamheid en ’n lewe in verbondenheid met die lewende God. So ’n aanname benadruk dat die mens uiteindelik die Verlosser, naamlik Jesus Christus, nodig het. Om hierdie waarheid af te maak as maar net nog ’n *grand narrative* wat nie werklik bestaan nie, om die Bybel te sien as ’n dokument wat eintlik ondermynend in al sy verskillende samestellende tekste op mekaar ingaan en mekaar sodoende ondermyn, sou nie juis wees nie. Selfs die teks van Job bied ’n ander blik op die heerlikheid van God en ondermyn nie die bestaan van God en die werklikheid van sy Woord nie. Die teks van Job is inderdaad een wat ’n nuwe perspektief bied op God se handelinge in die wêreld. Hierdie nuwe perspektief hang ook weer saam met die Deuteronomis se perspektief en moet binne daardie konteks verstaan word.

Die implikasies van sodanige interpretasies kan verskillend wees, en daar kan ook interpretasies wees wat korrek is en wat selfs aanvullend ten opsigte van mekaar funksioneer. Daardie interpretasies sal altyd tog in ooreenstemming moet wees met een of meer van die semantiese lae van die teks. Die outeur self is immers ook ’n interpreteerder van sy teks.

Fundamentalisme hou natuurlik ’n groot gevaar vir teksinterpretasie in. Hierdie verskynsel beteken dat tekste so geïnterpreteer word dat hulle buite hulle verband direk kommunikeer. Daar is egter talle

tekste in die Bybel wat wel direk kommunikeer vanuit die teks self en wat nie as fundamentalistiese teksinterpretasie beskryf kan word nie omdat dit in ooreenstemming is met die teks self. Daardie tekste kommunikeer op ’n bepaalde manier en sodanige kommunikasie is direk. Indien dan gesê word dat daar geen outeursintensie is nie, word die teks heeltemal afgewater en word tekste om daardie rede ontneem van die krag wat in die teks self lê. Indien daar geen outeursintensie is nie, kan geen teks op sigself bestaan nie. In hierdie opsig sou ’n mens dus met Nel en andere in gesprek moet tree. Die organiese en dialogiese interpretasieteorieë van, onder andere, Heyns is inderdaad nie meganisties nie, maar laat ruimte vir veelkantigheid in die teks (Heyns, 1978:21 e.v.).

## 6. Verantwoording

- **’n Skopiese lyn in die Bybel (Heyns)**

Die eerste vraag was of daar van bepaalde vorme van outeursintensie sprake kan wees, en hierbo is uitdruklik aangetoon dat dit wel die geval is. Die tweede probleem was of ’n bronteks, wat soveel innerlike teenstrydighede openbaar en so ’n lang ontstaansgeskiedenis gehad het, wel deur God geïnspireer is. Heyns (1976:87 e.v.) het in hierdie verband ’n besondere waarheid blootgelê met sy verwysing na die skopiese lyn wat deur die hele Skrif loop. Hy toon aan hoe die verskillende boeke in die Bybel, selfs in hul veelkantigheid, een groot loflied oor God in die wêreld is. Die gedagte van ’n skopiese lyn wat deurloop, is inderdaad baie nuttig omdat dit ons help om te verstaan dat God tog as primêre outeur optree, hoewel dan op ’n wyse wat indruis teen dit wat ons as mense graag sou wou hê. Die Bybel is beslis ook literatuur, en literatuur word getipeer deur die veelheid van interpretasies, maar dit verander nie die feit dat daar ’n bepaalde outeur is wat bepaalde oogmerke kan hê nie.

- **Net een inspirasieteorie?**

Die laaste vraag wat beantwoord moet word, is die volgende: Kan ons ons tot een inspirasieteorie verbind? Die organiese inspirasie is as inspirasieteorie inderdaad ’n ruim teorie. In hierdie opsig verskil ek van Snyman wat meen dat dit maar net ’n meganistiese teorie is. Inderdaad is die vraag of daar by Snyman en Nel nie ’n ander teorie na vore kom nie – ’n teorie wat van die standpunt uitgaan dat die Woord van God versteek is in die Bybel en dat dit eintlik maar self ontdek moet word. Dit kan nie ontken word dat daar besondere diepgaande probleme met betrekking tot die verstaan van die Skrif en die inspirasie van die Skrif bestaan nie, maar dit beklemtoon wel

die gedagte dat ons versigtig moet wees om die deurslaggewende Goddelike handeling in die bronteks te misken en af te wys.

- **Vooronderstellings speel wel ’n rol**

Die grondigste kritiek moet teen die vooronderstellings ingebring word. Die uitgangspunt dat God in sy majesteit die Bybel geïnspireer het en ook as *auctor primarius* optree, is nie vals te bewys deur die postmodernisme of deur die dekonstruksie van tekste nie. Die klem op lesersrespons beteken ook geensins dat ons onder alle omstandighede met ’n wetenskaplik verantwoordbare manier van lees te doen het nie. Vooronderstellings speel ’n beslissende rol. Alleen wanneer ons ons vooronderstellinge ook aan kritiese oorweging onderwerp, sal ons nader aan ’n oplossing kom.

## 7. Slot

So onbewysbaar soos die bestaan van God is ook die belydenis dat Hy werklik in die Skrif aan die woord kom. Literêre teorieë moet ons help om die teks beter te verstaan. Ons moet egter deeglik bewus wees van vooronderstellinge waarin die menslike aard van die Skrif by voorbaat oorbeklemtoon word. God spreek tog duidelik, al is dit in mensetaal.

## Geraadpleegde bronne


BERKOUWER, G.C. 1967. *Dogmatische studien: De Heilige Schrift II*. Kampen: Kok.

BOSCH, D.J. 1991. *Transforming mission: Paradigm shifts in the theology of mission*. New York: Orbis.

CALVIJN, J. 1956a. *Institutie of onderwijzing in de Christlijke godsdienst*. (Vert. Sizoo.) Eerste Deel (Boek I en II). Delft: Meinema.

CALVIJN, J. 1956b. I*nstitutie of onderwijzing in de Christlijke godsdienst*. (Vert. Sizoo.) Derde Deel (Boek IV). Delft: Meinema.

CHILDS, B.S. 2004. *The struggle to understand Isaiah as Christian Scripture*. Grand Rapids: Eerdmans.

CLOETE, T.T., *red*. 1992. *Literêre terme en teorieë.* Pretoria: HAUM-Literêr.

DE JONG, M. 1983. ’n Kritiese beskouing van die standverskille tussen teks en leser, veral by literatuuronderrig. (*In* Malan C., *red*. *Letterkunde en leser*. Durban: Butterworth. p. 43-57.)

DEGENAAR, J. 1992. Deconstruction – the celebration of language. (*In* Lategan B., *ed*. *The reader and beyond: Theory and practice in South African reception studies*. Pretoria: HSRC. p. 187-212.)

DERRIDA, J. 1976. *Of grammatology*. (Tr. G.C. Spivak.) Baltimore: Johns Hopkins.

GRICE, H.P. 1989. *Studies in the way of words*. Cambridge: Harvard University Press.

GUTHRIE, D. 1981. *New Testament theology*. Leicester: InterVarsity.

HAMBIDGE, J. 1992. Dekonstruksie. (*In* Cloete, T.T, *red*. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. p. 67-69.)

HEYNS, J.A. 1976. *Brug tussen God en mens*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

HEYNS, J.A. 1978. *Dogmatiek*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

LATEGAN, B., *red*. 1992. *The reader and beyond: Theory and practice in South African reception studies*. Pretoria: HSRC.

MALAN, C., *red*. 1983. *Letterkunde en leser*. Durban: Butterworth.

MALAN, C. 1983. Lesergerigte ondersoeke na Suid-Afrikaanse romans – op weg na 'n omvattende benadering. (*In* Malan, C., *red*. *Letterkunde en leser*. Durban: Butterworth. p. 65-93.)

NEL, P. 2003. Die Bybel: Teks en ondermyning. *Hervormde Teologiese Studies*, 59(3):881-897.

SNYMAN, S.D. 2003. Oor die inspirasie van die Bybel – 'n perspektief van 'n Ou-Testamentikus. *Verbum et Ecclesia*, 24(2):459-473.

TAYLOR, M.C. 1984. *Erring: A postmodern a/theology*. Chicago: University of Chicago Press.

VAN DER MERWE, C.N. & VILJOEN, H. 1998. *Alkant olifant: 'n Inleiding tot die literatuurwetenskap*. Pretoria: Van Schaik.

**Kernbegrippe:**

Bybel as Woord van God
dood van die outeur
inspirasie
organiese inspirasie

**Key concepts:**

Bible as Word of God
death of the author
inspiration
organic (personal) inspiration